

Tema: Geloof deur gelykenisse?

Woordbediening: Psalm 19 en Matteus 13:24-35:

Teks: Matteus 13:34,35

“Al hierdie dinge het Jesus deur gelykenisse vir die skare gesê, en sonder gelykenisse het Hy vir hulle niks gesê nie; sodat vervul sou word die woord wat gespreek is deur die profeet: Ek sal my mond open deur gelykenisse; Ek sal uitspreek dinge wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af.”

Die Woord van die Here is deurtrek van gelykenisse, metafore, beeldspraak, simboliek en wat nog. Kan God op 'n ander manier met ons praat? Ja, Hy kan.

Die Bybel is ook vol van wette en voorskrifte wat direk en op die punt af sê wat reg of verkeerd, goed of sleg is. Maar, wanneer Hy met ons praat oor geheimenisse, oor *“dinge wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af”*, doen Hy dit in gelykenis-taal.

Die trefkrag van gelykenistaal lê daarin dat dit soos aas vir die vis is. As jy dit klaar gesluk het, kan jy dit nie weer uitspoeg nie. Die vanger word nou die gevangene. Dis soos 'n raaisel wat in jou kop maal. Dit hou jou besig, totdat dit opgelos is. As God se gelykenistaal in jou “oplos” word dit jou geestelike voeding. Jy leef daarvan. Dit word ook soos 'n ingeplante kobalt-behandeling. Dit bring genesing vir jou siel.

Die probleem met gelykenistaal is dat ons kan weier om die aas te sluk. Hoekom? Dalk, omdat ons soos 'n slim vissie nie gevang wil word nie, of gewoon net nie van die smaak hou nie. Jesus het gesê: *“Want die hart van hierdie volk het stomp geword...”*(Mat 13:15). Dalk is dit gewoon so, omdat die mense van vandag wil hê jy moet direk en duidelik praat, sonder draaie en beelde. Dit vat te veel moeite en tyd om raaisels en gelykenisse te ontsyfer.

Wanneer ervaar ons die sterkste geloofsoortuiging?

Wanneer ons **voorgesê word** wat ons moet glo?

Of wanneer ons **deur oorpeinsing ontdek** wat ons moet glo?

Wat in die hart gebore word, word tog deur die hart bewaar.

Laat ons bid vir wysheid van God om die geheim van gelykenistaal verder te ontrafel en te benut.